Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Vakante pos:	Netbalafrigter en -organiseerder
Tipe pos:	Vaste termyn (1 Februarie 2025 tot 31 Oktober 2025)
Departement:	Studentesake
Sluitingsdatum:	18 Januarie 2025
Aanstellingsdatum:	1 Februarie 2025 of datum soos ooreengekom
Verwysing:	Netbal/SS#1/2025

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) is 'n Christelike, privaat hoëronderwys-instelling wat reeds vir twee dekades onderwysers oplei. Aros is in 2012 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer en is by die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer. Die instelling beskik oor 'n personeelkorps van ongeveer 120, bied tans opleiding aan ongeveer 2 700 studente en het oor die afgelope nege jaar 1 753 gegradueerdes gelewer. Die instelling se doelstellings is (1) om op hoëronderwysvlak uitnemende opleiding te gee en studie op 'n Christelik-Reformatoriese grondslag aan te bied, asook (2) om in die algemeen Christelik-Reformatoriese opleiding en studie te bevorder. Sien asb. verdere inligting by die volgende skakel: http://www.aros.ac.za.

Agtergrond

Aros benodig die dienste van 'n dinamiese en toegewyde persoon wat 'n passievolle netballiefhebber is. Die geskikte kandidaat moet die vermoë hê om met jongmense te werk en hulle te motiveer. Die suksesvolle kandidaat gaan verantwoordelik wees om as netbalafrigter en -organiseerder te verseker dat Aros-netbal nuwe hoogtes bereik.

Kwalifikasies

- 'n Vlak 1-afrigtingsertifikaat in netbal
- 'n Vlak 2-afrigtingsertifikaat in netbal (voordelig)
- 'n Skeidsregtersertifikaat in netbal (voordelig)
- 'n Noodhulpkursus

Werkservaring

- Netbalafrigting
- Ervaring as netbalskeidsregter (voordelig)

Vereistes

Die geskikte kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- vertroud met Aros se doel, grondslag, missie en visie en bereid om dit met diensaanvaarding te onderskryf (Die geformuleerde doelstelling, grondslag, visie en missie is op aanvraag beskikbaar.)

- ‘n aktiewe lidmaat van ‘n kerk wat die Drie Formuliere van Eenheid as belydenis aanvaar, dit handhaaf en aktief uitleef
- uitstekende menseverhoudings en positiewe bestuur van belangegroepe
- baie sterk administratiewe en organisatoriese vermoëns
- uitstekende kommunikasie- en skakelvermoë
- vermoë om kennis oor te dra
- die handhawing van professionele gedrag en voorkoms
- rekenaargeletterd in Microsoft Office en Outlook
- taalvaardig in Afrikaans en Engels
- eie vervoer en ‘n geldige bestuurslisensie
- die bywoning van verdere kursusse en opleidingsessies, soos wat dit nodig geag sou word

Verpligtinge

- Netbalafrigting
- Die reël van proewe
- Beplanning van wedstrydprogramme
- Reëlings t.o.v. oefening, wedstryde, bane, skeidsregters, ens.
- Kommunikasie met spelers
- Skakeling met ander tersiêre instellings
- Beplanning en organisering van oefenskedules
- Die aankoop van toerusting
- Skakeling met Aros-Studentesake

Let wel: Verpligtinge is nie beperk tot bovermelde nie.

Werksure

- Fleksietyd, insluitend aande en moontlik Saterdae, soos operasioneel vereis
- Beskikbaarheid tydens oefening, proewe, wedstryde, ligas, ens.

Aansoekprosedure

Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen. Die volgende dokumentasie moet die aansoek vergesel:

- die aansoekvorm wat beskikbaar is by www.aros.ac.za/WebItem?listId=41 (Die vorm kan elektronies ingevul word.)
- die aansoeker se CV
- bewyse van kwalifikasies
- ‘n getuigskrif van die leraar of kerkraad van die gemeente waarvan die aansoeker ‘n lid is (Hierdie getuigskrif moet getuienis gee oor die aansoeker se leer en lewe, waaronder kerklike betrokkenheid en verbintenis tot die Gereformeerde belydenis.)

Die aansoek en, waar enigsins moontlik, ook die ondersteunende dokumentasie moet in **Afrikaans** wees, aangesien Afrikaans Aros se voertaal is, en dit ook die taal is waarin die posbekleër sy/haar werk by Aros sal verrig.

Die aansoek en ondersteunende dokumentasie moet voor of op **18 Januarie 2025** in **PDF-formaat** gestuur word aan: jessica.smith@aros.ac.za.

Indien u nie voor **30 Januarie 2025** enige terugvoer van Aros ontvang nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos, soos geadverteer, te maak nie.